

Die genade by die Seun van die Koning.

Teks: Mattheus 17: 23 - 27

Teksvers: Mattheus 17: 27

1. Inleiding

Ons raak vanoggend stil voor een van die minder gewilde gedeeltes uit die Mattheus evangelie. Dit is minder gewild want die pas nie mooi in onder die groot temas in die Christelike geloof nie. Want as jy wil preek oor belasting dan preek jy tog eerder oor Markus 12: 17 se “Gee aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort.” as oor Mattheus 17. Of as jy oor geld wil preek is daar baie ander gedeeltes wat eerder gebruik kan word.

Tog weet ons dat die Woord van die Here in sy geheel ook vir ons vandag bestem is. Dit moet ons vandag ook tereg wys, leer en onderrig in ons alledaagse lewe. Sodat alles wat ons doen uiteindelik tot eer en verheerlik van die Here strek. Maar watter teregwysing of opdrag lê dan opgesluit in ons teksvers vandag? “Maar ons moenie die mense aanstoot gee nie”. Dit is tog nie die Here Jesus Christus wat ons ken nie. Hy wat nie skroom om na die Fariseërs ’n addergeslag te noem of om die tafels in die tempel om te gooi nie. Hierdie Jesus Christus ons Here wil nou eerder die vrede bewaar.

Kom ons ondersoek hierdie teksgedeelte ook in sy ingewikkelde onderskeie komponente. Sodat ons duidelik die boodskap ook aan ons kan hoor. Die anderse boodskap as die blote korrupsie en gierigheid wat ons al so om ons leer ken het. Die opdrag van Jesus aan Petrus in ons teksvers. ’n Skynbare vreemde opdrag vir ons as Gereformeerdes, omdat dit pastorale benadering in plaas van ’n streng dogmatiese benadering verkies. Dit lyk of hier eerder vir genade as vir geregtigheid gekies word. Tog gaan ons juis in hierdie prediking sien dat dit eintlik presies die boodskap van Christus is wat hier in dae verkondig word.

2. As Seun van die Koning

Wanneer ons na vers 25 en 26 kyk ervaar ons iets van ’n ongemaklikheid. Want dit wil voorkom asof Jesus dan nou nepotisme wil regverdig. Dit waarvan ons juis so afsku het in ons huidige politieke en ekonomiese situasies. Hoekom word die seuns van die koning anders hanteer as die res van die onderdane, of selfs as die vreemdeling in die land. Is dit nie presies wat die liberale demokratiese stem rondom ons sal uitskree.

Tog is Jesus bloot besig om feite weer te gee. Ons weet in die tyd van hierdie geskiedenis, was die Romeine aan bewind. En hulle het soos die Grieke rondom hulle ook gereeld gebiede en mense rondom hulle, aan hulle onderwerp. Die oortuiging agter hierdie koloniserings was belasting. Die mikpunt dat hulle uiteindelik glad nie hoef te werk nie, maar net kan leef uit die belasting wat ontvang word uit die vreemdeling in die land. Maar die skeiding in ons teksgedeelte lê nog dieper.

In ons teksgedeelte word daar duidelik na die seuns van die koning verwys. Dus lê die skyding tussen die familie van die Koning en ander landsburgers. En natuurlik het tempelbelasting meer in gemeen met tiendes tot kerk of tempel se instandhouding, as wat dit het met ons oorbetalings aan SARS in vandag se terme.

En Jesus, getrou aan sy werkswyse in die Mattheus evangelie, verwys dan ook na die Ou Testament terug. In sy antwoord aan Petrus verwys hy natuurlik terug na die beginsel in Eksodus 30 waar die Here ’n versoeningsoffer van elke Israeliet eis. Tog was die priesters en derhalwe ook hulle seuns vrygeskeld van hierdie versoeningsoffer.

Daarom is dit die eintlike openbaring ook in ons teksgedeelte vandag, soos in die res van die Mattheus evangelie. Hierdie openbaring is dat Jesus Christus eerstens die ware hoë priesters, maar dan ook die Seun van God die Vader is. In beide van hierdie kenmerke sou Christus dan vrygestel wees van hierdie tempelbelasting. Maar nou het Petrus reeds vir die invorderaars geantwoord dat sy leermeester natuurlik die tempelbelasting betaal. Hoe dan nou gemaak?

3. Hy lê die reg neer

Christus is nie uitgelewer aan die onkunde van een van sy dissipels nie. Ook in hierdie geval kan Jesus eerstens vir Petrus, die invorderaars en uiteindelik die tempel owerheid tereg wys. So Hy ook op verskeie ander plekke maak. Maar wat is dit wat uiteindelik vir Christus anders laat optree? Die antwoord is die evangelie wat Jesus ook profeties deur Sy optrede in hierdie konteks gaan verkondig. Dit kom in kort daarop neer dat Hy gaan betaal.

Sien uit 'n dogmatiese, geregtelike en selfs ekonomiese oogpunt hoef Jesus nie hierdie tempelbelasting te betaal nie. Vir Hom is om te betaal nie die regte ding om te doen nie. Maar dit is dan wat die pastorale kant van die saak inkom. Daardie omgee uit liefde vir ons as verlore sondaars, deur die goeie Herder. Daarom betaal Christus hierdie tempelbelasting, maar nie net onnodiglik vir homself nie. Hy voorsien ook nog dat Petrus se tempelbelasting betaal word. En hierdie voorsiening is 'n bonatuurlike wonderwerk. Daar geld word letterlik voorsien uit 'n onverwagte en ongewone bron.

Uiteindelik is dit die evangelie waarheen hierdie gedeelte ook profeties heen wys. Christus het geen sonde gehad nie. Daarom was daar geen offer wat hy moes bring vir Sy eie versoening van sondes nie. Soos ons dit ook bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 14. Tog kies Hy om Sy liggaam en lewe as offer te gee. Soos Johannes 10:18 sê: "18Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit my eie af. Ek het die volmag om dit af te lê,

En dan is hierdie betaling natuurlik in u en my plek as sondaar mense. Wanneer Jesus in Johannes 19:30 die woorde "dit is volbring" uiter is die betaling op ons sondes afgehandel. Want soos u weet het hierdie woord in die oorspronklike teks ook 'n ekonomiese konnektasie. Die skuld is vereffen. My en jou lewe is losgekoop uit die ewige dood. Daarom al het Christus die reg, net soos met die tempelbelasting om nie te betaal, die reg om nie te sterf nie, weet ons wat Sy uiteindelige antwoord is. "Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!"

4. Ons deel in hierdie genade

Uiteindelik kan ons sê dat Christus se roeping op die aarde groter was as om die dubbele dragma van die jaarlikse tempel belasting te ontduik. Nee soos ons gesien het was Sy roeping juis om dit te volbring in lyn met Matteus 5:17: MOENIE dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul."

Maar dit is nie waar dit eindig nie. Want Christus betaal nie vir Homself alleen hierdie tempelbelasting nie. Hy betaal ook vir Petrus. Ons is saam met Petrus as kerk van die Here die mense waarvoor uiteindelik betaal word. Ons sondes word vergewe is deur die offer, die betaling van Christus aan die kruis. En dit was juis hierdie sondes van ons wat aanstoot gegee het in die Heiligheid van God die Vader. Maar omdat hierdie aanstoot nou weg is, kan ons aangeneem word as die kinders van God.

Dit beteken dat ons as kinders van die koning ook kwytgeskeld is van tempelbelasting. Beteken dit dat ons nou nie meer tiendes na die tempel toe hoef te bring nie? En ja dit is presies hier waar die verskil lê in die offer wat Christus gebring het. Ons tiendes hoef nou nie meer deur kwaai invorderaars van ons geies te word nie. Want deur werking van die Heilige Gees bring ons nou graag ons bydraes en liefdes gawes na die Huis van ons Vader. Met 'n blymoedige hart beywer ek my graag vir die roeping van die kerk. Ek bywer my alle hulpbronne tot my beskikking. Dit sluit tyd, geld en my gawes in.

Maar dan die belangrike verdere boodskap uit ons teksgedeelte vandag. In Jesus se voorbeeld, moet ons ook die belang van ons broer op die hart dra. Soos Jesus ook vir Petrus die tempelbelasting betaal moet ons ook vir ons broers help. Ons moet ons broers en susters bystaan wanneer hulle ook hulle geloof wil uitleef. Ons moet met mekaar in alles ondersteun. Sodat ons optrede binne die gemeenskap van die gelowiges nie tot aanstoot van mekaar of mense buite die gemeenskap van die gelowiges is nie.

5. Slot

Ons kan vandag se prediking afsluit deur terug te kom na die boodskap dat hierdie gedeelte nie primêr oor geld en finansiële bestuur gaan nie. En dit is steeds waar. dit gaan natuurlik oor die offer wat Christus in ons plek gebring het. Daar waar hy dit wat aanstoot tot die Heiligheid van God die Vader gee, ons sondes verwyder het. Tog kan ons hierdie gedeelte nie heeltemal losmaak van geld nie. Want alhoewel ons van dubbeldragma's en staters praat, en nie rand en sent nie is dit steeds geld.

Maar dan word geld en die waarde wat ons Here Jesus Christus daaraan koppel, duidelik aan ons geopenbaar. Christus beskou hierdie rekening wat hulle moet vereffen duidelik as geen probleem. Dit is eerder sake oor die betekenis rondom dit wat belangrik is. Finansies word nooit die middelpunt van Christus se bediening hier op aarde nie. Intendeel moedig Hy eerder mense soos die ryk jong man aan om daarvan afstand te doen. Trouens die ander evangelies verwys nie eers na hierdie gebeure nie. Want alles wat in hierdie gedeelte gebeur lyn presies op met die roeping en boodskap van Christus. En nie eers geld, geld wat bestem is vir 'n goeie doel sal hierdie roeping en boodskap van struik kan bring nie.

Dit is ook hoe ons moet leef. As ons mooi daarvoor dink, watter rol speel finansies lewe. Is ek voortdurend bekommerd dat ek finasieel eintlik in die moeilikheid is. Of is my fokus eerder op die Koningryk van die Here. Uit hierdie teksgedeelte sien ons duidelik, dat finansies geen bepalende rol in ons geloof uitlewing moet speel nie. Finansies moet nooit in die pad van God se boodskap aan die verlore wêreld kom staan nie. Want God voorsien deur die genade in Sy enigebore Seun alles wat nodig is om sy Woord te verkondig en aan Hom eer en verheerliking te bring.

Kom ons gaan leef in ywer vir die Koningryk van die Here, met die vaste wete dat alles wat nodig is in genade deur die Seun voorsien sal word.

Amen